

Nuusbrief 17 29 Mei 2017

Saamgestel deur Wilna van Rooyen

083 454 2843

wilnav@leeuwenhof.co.za

In hierdie uitgawe:

Bl. 1 Boeresport—dankie

Tradisionele kos

Bl. 2 Laerskoolkoor

Welpierugby

Gr. 0 na Gr. 1

Bl. 3 Belangrike datums

Pappa uitnodiging

Trapkarre

Boeresport en worsbraai— Baie dankie!:

Baie dankie aan Juf. Jeannine, wat hierdie baie besondere dag vir ons gereël het. Baie dankie aan al die juffrouens, vir die oulike items wat hul aangebied het—ons kinders het elke oomblik geniet!

Baie dankie aan Gift, wat die wors gebraai het, waaraan ons maatjies heerlijk gesmul het.

Ons gaan dié feestelike dag sommer nog lank onthou!



Tradisionele kossies— baie dankie!:

BAIE DANKIE aan ons ouers, vir al die heerlike tradisionele kossies wat jul gestuur het! Ons maatjies kon nie genoeg daarvan eet nie!

Ons is so bevoorreg om ouers soos julle te hê, wat elke projek met die grootste entoesiasme en kreatiwiteit ondersteun.

Wees verseker daarvan dat ons en elke maatjie van ons skool jul met oorgawe waardeer!





Die Laerskoolkoor:

Leeuwenhof se Seniorskoor se TV uitsending op Kyk-Net was op Sondag 4 Junie op kanaal 146. Ons koor het die kans om as kykerskeuse deur te gaan na die finaal in September.

Stem asseblief vir ons koor.

SMS 3 na 47620. Die kompetisie sluit op 9 Junie om 14:00 .

By voorbaat dankie vir u ondersteuning!

Welpierugby is afgesluit:

Ons welpierugby het Saterdag afgesluit en ons maatjies het regtig hul harte uitgespeel gedurende die seisoen.

Ons hartlike dank aan elke spelertjie, wat so mooi gespeel het, ouers en grootouers wat hul ondersteun het en ons besonderse afrigters, wat ons maatjies so mooi geleer het en uitmuntende insette gelewer het!

Hulle het regtig fantasties gespeel, ons is so trots op hulle!



Gr. 0 na Gr. 1:

Wanneer 'n kindjie ingeskryf is by Leeuwenhof Akademie, is hy of sy ingeskryf tot Graad 12.

Ons Gr. 0 maatjies hoef dus nie ingeskryf te word vir Gr. 1 nie, hul is outomaties ingeskryf.

Daar moet net drie maande voor die tyd kennis gegee word, indien 'n leerder nie na die volgende fase gaan nie.

Belangrike datums:

- 14 Junie:** Trapkarre—ons huur trapkarre vir groot pret!
- 15 Junie:** Verrassing vir ons pa's enige tyd van 07:00 tot 08:15
Skool sluit 14:00—langnaweek. Busse ry net na 14:00
- 16 Junie:** Jeugdag
- 18 Junie:** Vadersdag
- 23 Junie:** Doi met lam besoek ons
Skool sluit 12:00 vir reses en open op Maandag 3 Julie



Pappas—uitnodiging:

Ons nooi graag ons pappas om op Donderdag 15 Junie 'n draai by ons skool te maak, vir 'n lekker warm, winterverrassing vir Vadersdag!

Jul is welkom om enige tyd, van 07:00 af tot 08:15 vir 'n paar minute by ons te kom kuier, wanneer jul jul kinders kom aflaai.

Pappas is baie belangrike mense in ons kinders se lewe en ons wil graag erkenning aan elkeen gee!



Trapkarre 14 Junie:

Juf. Zuanéll het gereël vir trapkarre, wat op 14 Junie by ons skool beskikbaar sal wees vir ons maatjies.

Die maatjies kry klas vir klas beurte om op die karre te ry. Die Gr. 00 en 000 maatjies ry op ons fietsiebaan en ons bou 'n lekker groot rybaan vir ons Gr. 0 maatjies op die parkeerterrein.

Hierdie aktiwiteit is altyd 'n treffer en ons glo ons maatjies gaan dit sommer vreeslik baie geniet!

Baie dankie!

Vriendelike groete! Wilna van Rooyen.

